# LAMBERTSBAAI INWONERS BELANGE FORUM

Posbus 245
Lambertsbaai
8130

e-pos: lbaai.ibf@gmail.com
webwerf: www.lambertsbaai.yolasite.com

## NOTULE VAN 'N ALGEMENE VERGADERING VAN DIE INWONERS VAN LAMBERTSBAAI OP 15 SEPTEMBER 2011 OM 17:30 IN DIE SAAL VAN DIE LAERSKOOL LAMBERTSBAAI, SKOOLSTRAAT, LAMBERTSBAAI

1. <u>Verwelkoming en Opening</u>

   Mnr Hjalmar Enderstein, die voorsitter van die vorige bestuur, verwelkom al die teenwoordiges.

   Hy vra dat Mnr. Joos Kirstein die vergadering open met gebed.

2. <u>Teenwoordigheidslyste</u>

   Presensielyste word versprei. Die name van teenwoordiges gaan as bylae hierby.

3. <u>Kworum</u>

   Die Grondwet van die Forum bepaal dat 25% van betaalde lede 'n kworum is. Daar is 55 persone teenwoordig waarvan 3 gades van belasting-, dienstebetalers is maw 52 stemgeregtigdes is teenwoordig wat meer as 25% is van die opbetaalde lede

   Die voorsitter beslis dat 'n kworum teenwoordig is.

4. <u>Inleiding</u>

   Mnr Enderstein meld dat in terme van klousule 7 sub-klousule 3 van die Forum se Grondwet, 'n nuwe bestuur by 'n algemene vergadering verkies moet word.. Hy stel voor dat Mnr. Joos Kirstein die verkiesing van die nuwe lede lei.

   Mnr Enderstein se voorstel word eenparig aanvaar.

5. <u>Verkiesing van Nuwe Bestuur</u>

   Die volgende lede word in die ampte soos aangedui gekies

   - Mnr. J. J. Mellet — Voorsitter
   - Mnr H. Enderstein — Sekretaris
   - Mnr H. Arangie — Lid
   - Mnr W. Coetzee — Lid
   - Mnr. T. Kitching — Lid
   - Mnr. N. Paterton — Lid
   - Mnr J. Schalk — Lid

6. <u>Algemene Bespreking</u>

   Tydens 'n algemene bespreking word die volgende items waarmee die lede op die vergadering eenparig ongelukkig is en waarop hulle dringende optrede eis, as prioriteite geïdentifiseer:

   - <u>Heffings</u>. Die drie heffings wat by die inwoners se diensterekeninge gevoeg is word in die algemeen beskou as onkonstitusioneel en onwettig. Die bestuur moet dringend aandag aan die geleentheid gee en regstellende optredes identifiseer en optredes aanbeveel.

   - <u>Waardasieskale</u>. Die waardasieskale waarteen eiendom in die Lambertsbaai munisipale gebied gewaardeer word. Die algemene mening is dat die faktore die hoogste in die Wes-Kaap Provinsie is. Die bestuur moet die aangeleentheid ondersoek en regstellende optredes identifiseer en optredes aanbeveel.

   - <u>Eiendomswaardes</u>. Die waardes wat op eiendomme in die Lambertsbaai munisipale gebied geplaas word. Die algemene mening is dat die waardes onrealisties is en nie haalbare markwaardes weerspieël nie. Die bestuur moet die aangeleentheid ondersoek en regstellende optredes identifiseer en optredes aanbeveel.

7. Die vergadering verdaag om 19:00.

J. J. Mellet
Voorsitter